

Titel: Kerk 24/7
Pastor: Sias le Roux
Datum: 3 Oktober 2010
Tyd: 09:00



Ware seunskap

Romeine 8:13-15

¹³ Want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe. ¹⁴ Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God. ¹⁵ Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!

Buite-egtelike seuns

Ismael vs. Isak

Volwasse seuns

Hebreërs 5:12-14

¹² Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat 'n mens julle die eerste beginsels van die woorde van God moet leer, en julle het weer behoefte aan melk en nie aan vaste spys nie. ¹³ Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy 'n kind is. ¹⁴ Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte ge oefen, om goed van kwaad te onderskei.

Volwasse seuns en babas

Vlees (gevoel) vs. Gees

Romeine 8:8

⁸ En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie.

Galasiërs 5:17

¹⁷ Want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie.

a: Gedurige gehoorsaamheid

Romeine 6:13-16

¹⁴ Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade.

¹⁶ Weet julle nie dat aan wie julle juisself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie — òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?

b: Gedurige vervulling

Efesiërs 5:18-20

¹⁸ Moenie dronk word van wyn nie — daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul. ¹⁹ Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here, ²⁰ terwyl julle God die Vader altyd vir alles dank in die Naam van onse Here Jesus Christus,

c: Gedurige oefening

II Timotheus 1:6-7

⁶ Om hierdie rede herinner ek jou daaraan om die genadegawe van God aan te wakker wat in jou is deur die oplegging van my hande. ⁷ Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.

d: Gedurige oefening

Kolossense 3:16-17

¹⁶ Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here.

¹⁷ En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

e: Gedurige stigting

I Korinthiërs 14:26

²⁶ Hoe staan die saak dan, broeders? Wanneer julle saamkom, dan het elkeen van julle 'n psalm of 'n lering of 'n taal of 'n openbaring of 'n uitlegging — laat alles tot stigting geskied.